

SARS bevorder internasionale belastingsamewerking in Afrika en onder BRICS-lande

Tshwane, 4 November 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die afgelope week aan twee multilaterale byeenkomste deelgeneem om internasionale belastingsamewerking in Afrika en onder die BRICS-lande (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) te sement.

Ingevolge ons agtste strategiese oogmerk, wat samewerking met belanghebbendes behels, en ons negende strategiese oogmerk wat die bou van openbare vertrouwe behels, werk SARS progressief om ons internasionale vennootskappe te herbou, met sleutel-organisasies soos OECD, Wêreldforum vir Belastingdeursigtigheid, ATAF, WCO, SADC, SACU, die Verenigde Nasies en die IMF, asook bilateraal met ander belasting- en doeane-administrasies. SARS neem aktief deel en dra konstruktief by tot hierdie forums, soos weereens bevestig is die afgelope week.

Die eerste byeenkoms was die hibriede 7de jaarlikse algemene vergadering van die Afrika Belastingadministrasieforum (ATAF) in Lagos, Nigerië, van 31 Oktober tot 3 November 2022. Dit is gevolg deur die virtuele vergaderings van BRICS wat deur die staatsbelastingadministrasie van China, die huidige BRICS-voorsitter, aangebied is. Dit het die BRICS-belastingkenners en hoofde van belastingowerhede behels op 2 en 3 November 2022.

ATAF

Tydens die 7de twee-jaarlikse ATAF algemene vergadering, is Togo en Suid-Afrika onderskeidelik herverkies as voorsitter en visie-voorsitter van ATAF. Die ander raadslede wat vir 'n tweejaartermyn verkies is, is Nigerië, Rwanda, Botswana, Burundi, Uganda, Zambië, Gambië en Morokko. Die raad verskaf strategiese leiding en leierskap aan die werk van die ATAF-sekretariaat. ATAF het ook die toelating van sy 41ste lid, Suid-Soedan, gevier.

Die tema van die 7de algemene vergadering - herdink inkomstestrategie: die menslike gesig van belasting - 'n hibriede geleentheid, het meer as 500 bywoners gehad wat 33 belastingadministrasies en 15 vennootorganisasies verteenwoordig het. Die vergadering het verskeie belasting-verwante kwessies bespreek, insluitend die belangrikheid van mobilisering van plaaslike hulpbronne om finansiering, tegnologie en menslike kapitaal te ontwikkel, die twee-pilaaroplossing wat daarop gemik is om belastinguitdagings aan te spreek wat spruit uit die digitalisering van die ekonomie, hervorminge om fiskale hulpbronne te mobiliseer, die maksimalisering van natuurlike hulpbronne, asook die bekamping van onwettige finansiële strome.

Nog 'n hoogtepunt van die vergadering was die bekendstelling van die handboek *The Future of Resources Taxation*. Tien idees word in hierdie handboek voorgelê oor hoe

die huidige stelsel van mynboubelasting verbeter kan word en hulpbron-ryke lande opbrengste van minerale rykdom kan maksimaliseer.

Kommissaris Edward Kieswetter het die toneel geskets tydens sy voorlegging oor die onderwerp van belasting en tegnologie - mens-gesentreerde maatskaplik-verantwoordelike outomasie. In sy rede het die kommissaris die vordering in die bou van 'n slim, moderne SARS uitgelig.

Hy het verder klemgelê op die belangrikheid van vermensliking en die gehoor herinner dat: "die slimheid wat ons in ons belastingadministrasies aanstel, die tegnologie en die data wat ons ontplooi, gaan oplaas oor mense. Dit gaan oor die burgers wat ons dien. Dit gaan oor die belastingpligtiges wie se bydraes ons eerbiedig en dit gaan oor ons werknemers wat dit alles moontlik maak".

Vir meer inligting oor die vergadering, verwys na www.ataftax.org.

BRICS

Hierdie was die 10de jaar wat die BRICS-belastingowerhede bymekaarkom en die eerste jaar wat streeks- en internasionale organisasies deelneem aan die BRICS-gesprek.

Die hoogtepunt van die hoofde van die belastingowerhede se vergadering was die onderskrywing om die eerste uitgawe van die BRICS samestelling van beste belastingpraktyke bekend te stel - 'n samestelling van insiggewende administrasiegevallestudies van die BRICS-belastingowerhede.

Die gevallestudies vertoon sommige van die BRICS-lede se beste praktyke in die samewerkende nakomingsprogram van CONFIA, nuwe belastingskuldbestuurstrategie, die doeltreffende gebruik van AEOI-data - CRS-instrument, gesiglose belastingadministrasie, AIS en opdatering van opgawes, slim individuele inkomstebelasting (IIT) rekonsiliasie, belastingbewustheidmaand, koördinerende van belasting- en doeaneprysing vir ingevoerde goedere, asook evaluering en monitoring van belastingnakoming.

Suid-Afrika sal die voorsitterskap van BRICS aanneem aan die begin van 2023 en sal vervolgens die BRICS-belastingbyeenkomste in 2023 aanbied.

"Internasionale samewerking is noodsaaklik om SARS in staat te stel om sy mandaat uit te voer. Om deur en met belanghebbendes saam te werk om die belastingstelsel te verbeter is implisiet tot ons strategiese rigting. Ons strewende daarna om doeltreffende en voordelige vennootskappe te hê met alle belanghebbendes, beide plaaslik en internasionaal, in die belasting-ekosisteem wat maksimum voordele lewer vir die belastingpligtiges en handelaars, regering en publiek. Ons steun op mekaar se

sterkpunte om belastingadministrasie-uitdagings op te los en vrywillige belastingnakoming te verbeter", het kommissaris Kieswetter gesê.

Die Wêreldforum vir Belastingdeursigtigheid, insluitend die Afrika Inisiatief, sal volgende week in Spanje bymeekaarkom om vordering jeens die toewyding tot die aanspreek van belastingontduiking te bespreek deur multilaterale samewerking en uitruil van inligting (EOI). Gegewe die strategiese belangrikheid van uitruil van inligting vir SARS, sal kommissaris Kieswetter teenwoordig wees om samewerking te verdiep met ons verdragvennote in verband met die uitruil van inligting en wedersydse bystand.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

